REGLEMENT 18

REGLEMENT VIR STANDPLAAS- EN DIENSLERAARSPOSTE

1. AARD

1.1 ’n Standplaasleraar is ’n persoon

1.1.1 wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, geordeen en bevestig is om ’n toegespitste diens te lewer binne die besondere konteks waarvoor hy/sy opgelei en beroep is; en

1.1.2 wat ’n spesifieke bediening in ’n besondere konteks verrig, soos byvoorbeeld vir die Khoi-San, Dowes en Portugeessprekendes.

1.2 ’n Diensleraar is ’n persoon

1.2.1 wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, geordeen en bevestig is om diens te lewer met ’n spesifieke opdrag, ooreenkomstig die terrein/e van opleiding.

1.2.2 wat toegespitste diens in een of meer van die volgende spesialisasievelde verrig, naamlik:

pastoraat, jeug- en familiebediening, prediking, diakonaat, geloofsvorming, evangelisasie, kerkplanting, aanbidding, geloofsvorming, bejaardebediening, berading, lering, uitreikbediening en sending.

1.3 Diensleraars en standplaasleraars staan soos alle ander ampsdraers onder die opsig en tug van die ring. (*Kerkorde Artikel 59 tot 66 asook Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë* en *Reglement 22 vir Tug en Vermaning*.)

2. SKEP VAN POS

2.1 Indien die gemeente ’n standplaas- of diensleraarpos wil skep, doen die kerkraad ’n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde.

2.2 ’n Gemeente kan slegs ’n diensleraarpos skep as daar reeds ’n predikantspos in die gemeente gevul is. (Diensleraars werk altyd onder toesig van die betrokke plaaslike gemeente se predikant of in uitsonderlike omstandighede onder die toesig van 'n ringspredikant.)

2.3 Die ring of sy gevolmagtigde keur, met inagneming van die gemeente se bedieningsbehoeftes en finansiële omstandighede, die standplaas- of diensleraarpos goed.

2.4 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms en sien toe dat daar uitvoering gegee word aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde*, die *Reglement 12 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*, ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

2.5 ’n Standplaas- of diensleraarpos kan nie geskep word om die bevoegdheid te verkry of te behou of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

2.6 ’n Standplaas- of diensleraarpos het duidelik omskrewe bedieningsverpligtinge wat met die opleiding van die standplaas- of diensleraarpos in direkte verband staan.

2.7 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.8 Standplaas- of diensleraarposte kan óf voltyds óf deeltyds gevul word.

3. PENSIOENVOORDELE

3.1 ’n Standplaas- of diensleraarpos (langer as ses maande) is

3.1.1 pensioendraend, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

3.1.1.1 ’n standplaas- of diensleraarpos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie,

3.1.1.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydraes tot die pensioenfonds aan die hand van die reëls van die pensioenfonds, en

3.1.1.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer;

3.1.2 nie pensioendraend nie, onderworpe aan die volgende voorwaarde:

3.1.2.1 wanneer die persoon wat beroep is reeds by ’n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds ingeskakel is (dit sluit vrywillige annuïteitsfondse uit).

4. BEROEPING EN BEVESTIGING

By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en *Reglement 12 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*.

5. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

Standplaas- of diensleraarpos word na meerdere vergaderings afgevaardig.

6. DIENSOOREENKOMS MET DIE ANDER WERKGEWER(S)

6.1 Standplaas- of diensleraars wat in deeltydse poste aangestel word, kan ook in diens van ander werkgewers wees.

6.2 By die aangaan van ’n diensooreenkoms met ’n standplaas- of diensleraar, bepaal die kerkraad die voorwaarde(s) vir diens aan die ander werkgewer(s).

6.3 Die aangaan van alle toekomstige diensooreenkomste met ander werkgewers moet vooraf deur die kerkraad goedgekeur word.

7. DIENSBEËINDIGING

7.1 ’n Standplaas- of diensleraar tree by aanvaarding van ’n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente.

7.2 Diensbeëindiging anders as beroeping of emeritaat geskied aan die hand van die diensooreenkoms en ooreenkomstig die toepaslike kerkordelike reglemente (vergelyk *Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë) asook Reglement 22 (Reglement vir Tug en Vermaning*).

7.3 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.